DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant

*(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)*

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary

*(Registered at the Post Office as a Newspaper)*

PRICE: S.A. 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

VOL. 230 PRETORIA 24 FEBRUARIE 24 FEBRUARY 1988 4550

## Proklamasie

No 6 (Administrateurs-), 1988

### PROKLAMASIE

Kragtens die bevoegdheid aan my verleen by artikel 14(2)(a) van die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet 69 van 1986), en nadat aan die bepalings van artikel 16 van daardie Wet voldoen is, reël ek hierby aangeleenthede in verband met die algemene verkiesing van plaaslike owerheidsliggame wat in 1988 plaasvind soos in die Bylae hierby uiteengesit.

Hierdie Proklamasie is deur die Gesamentlike Komitee van die Parlement beoog in die voorbehoudsbepaling by artikel 14(2)(a) van die Wet op Provinsiale Regering, 1986, goedgekeur.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 18e dag van Februarie, Eenduisend Negehonderd Agt-en-tagtig.

W A CRUYWAGEN
Administrateur van die Provinsie Transvaal

PB 3-6-2-1-2

BYLAE

In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"bestuurskomitees" die bestuurskomitees ingestel ingevolge artikel 2(1) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Uitbreiding van Bevoegdhede), 1962 (Ordonnansie 22 van 1962);

"die Plaaslike-bestuursordonnansie" die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939);

"die Verkiesingsordonnansie" die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970 (Ordonnansie 16 van 1970);

"die Verkiesingsregulasies" die regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 4 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Uitbreiding van Bevoegdhede), 1962, vir bestuurskomitees en afgekondig by die Administrateurskennisgewings waarby bestuurskomitees ingestel is; en

"Verkiesingsdag" die dag deur die Administrateur ingevolge artikel 7(1) van die Wysigingswet op Staatkundige Aangeleenthede, 1985 (Wet 104 van 1985), bepaal vir die hou van die algemene verkiesing in daardie artikel beoog.

NADEMAAL 'n algemene verkiesing van—

(a) raadslede ingevolge die Verkiesingsordonnansie in Maart 1987 moes plaasvind;

(b) lede van sommige bestuurskomitees in Oktober 1985 moes plaasvind en van ander bestuurskomitees in Ok-

## Proclamation

No 6 (Administrator's), 1988

### PROCLAMATION

By virtue of the powers vested in me by section 14(2)(a) of the Provincial Government Act, 1986 (Act 69 of 1986), and after compliance with the provisions of section 16 of that Act, I hereby regulate matters in connection with the general election of local government bodies which is to take place in 1988, as set out in the Schedule hereto.

This Proclamation has been approved by the Joint Committee of Parliament contemplated in the proviso to section 14(2)(a) of the Provincial Government Act, 1986.

Given under my Hand at Pretoria, this 18th day of February, One Thousand Nine Hundred and Eighty-eight.

W A CRUYWAGEN
Administrator of the Province Transvaal

PB 3-6-2-1-2

SCHEDULE

In this Proclamation, unless the context otherwise indicates —

"Elections Day" means the day determined by the Administrator in terms of section 7(1) of the Constitutional Affairs Amendment Act, 1985 (Act 104 of 1985), for the holding of the general election contemplated in that section;

"management committees" means the management committees established in terms of section 2(1) of the Local Government (Extension of Powers) Ordinance, 1962 (Ordinance 22 of 1962);

"the Elections Ordinance" means the Municipal Elections Ordinance, 1970 (Ordinance 16 of 1970);

"the Elections Regulations" means the regulations made in terms of section 4 of the Local Government (Extension of Powers) Ordinance, 1962, for management committees and published under the Administrator's Notices by which management committees were established; and

"the Local Government Ordinance" means the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939).

WHEREAS a general election of—

(a) councillors was, in terms of the Elections Ordinance, to have taken place in March 1987;

(b) members of certain management committees was, in terms of the Elections Regulations, to have taken place

tober 1989 moet plaasvind ingevolge die Verkiesingsregulasies; en

NADEMAAL artikel 7(1) van die Wysigingswet op Staatkundige Aangeleenthede, 1985, bepaal dat sodanige algemene verkiesings in 1988 moet plaasvind op 'n dag deur my bepaal te word; en

NADEMAAL ek nog nie 'n dag vir sodanige verkiesings bepaal het nie, maar sekere aangeleenthede in verband met die gemelde algemene verkiesings anders gereël moet word as wat daarvoor voorsiening gemaak word in die Plaaslike-bestuursordonnansie, die Verkiesingsordonnansie en die Verkiesingsregulasies ten einde by die veranderde omstandighede aan te pas;

SO IS DIT dat ek ingevolge artikel 14(2)(a) van die wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet 69 van 1986), die volgende aangeleenthede met betrekking tot die algemene verkiesing van raadslede en lede van bestuurskomitees in 1988 reël:

1. *Die verkiesing van raadslede:*

(a) die verkiesing word, behoudens onderstaande paragrawe, ooreenkomstig die bepalings van die Verkiesingsordonnansie gehou;

(b) die kieserslys beoog in artikel 17 van die Verkiesingsordonnansie word gedurende die maande Mei en Junie 1988 voorberei;

(c) by die toepassing van artikel 18(1) van die Verkiesingsordonnansie word die voorbehoudsbepaling daarby geag te lui:
"Met dien verstande dat indien so 'n persoon se aansoek na 30 Junie 1988 ontvang word, die stadsklerk eers so 'n aansoek na Verkiesingsdag oorweeg.";

(d) by die toepassing van artikel 20 van die Verkiesingsordonnansie —

(i) word die voorbehoudsbepaling by subartikel (3) geag te lui:
"Met dien verstande dat geen sodanige optrede na 31 Augustus 1988 geskied nie."; en

(ii) sertifiseer die burgemeester ooreenkomstig die bepalings van subartikel (4) die kieserslys in September 1988;

(e) by die toepassing van artikel 30(5) van die Verkiesingsordonnansie word die voorbehoudsbepaling daarby geag te lui:
"Met dien verstande dat waar 'n verklaring ingevolge subartikel (4) na 31 Maart 1988 gemaak word dat 'n toevallige vakature ontstaan het, so 'n vakature nie aangevul word nie tensy daar meer as drie toevallige vakatures bestaan.";

(f) artikel 33 van die Verkiesingsordonnansie word geag te lui:

"Algemene verkiesing

33. 'n Algemene verkiesing van raadslede word in 1988 in alle munisipaliteite op Verkiesingsdag gehou.";

(g) 'n raad soos beoog in die Plaaslike-bestuursordonnansie kan op die wyse in artikel 16(1) van daardie Ordonnansie beoog 'n burgemeester vir die tydperk Maart 1988 tot op die dag wat Verkiesingsdag voorafgaan, verkies, en so 'n raad moet binne 21 dae na Verkiesingsdag 'n burgemeester op die wyse in gemelde artikel beoog, verkies; en

(h) 'n raad soos in paragraaf (g) beoog kan, in die geval waar die raad nie 'n burgemeester vir die tyd-

in October 1985 and of other management committees is to take place in October 1989; and

WHEREAS section 7(1) of the Constitutional Affairs Amendment Act, 1985, provides that such general elections shall take place in 1988 on a day to be determined by me; and

WHEREAS I have not yet determined a day for such elections, but certain matters in regard to the said general elections must be regulated in a manner different to that provided for in the Local Government Ordinance, the Elections Ordinance and the Elections Regulations in order to match the changed circumstances;

NOW THEREFORE I, in terms of section 14(2)(a) of the Provincial Government Act, 1986 (Act 69 of 1986), regulate the following matters in respect of the general election of councillors and members of management committees in 1988:

1. *The election of councillors:*

(a) subject to the ensuing paragraphs, the elections are to be held in accordance with the provisions of the Elections Ordinance;

(b) the voter's list contemplated in section 17 of the Elections Ordinance shall be prepared during the months of May and June 1988;

(c) for the purposes of section 18(1) of the Elections Ordinance, the proviso thereto shall be deemed to read:

"Provided that if the application of such person is received after 30 June 1988, the town clerk shall consider such application after Elections Day only.";

(d) for the purposes of section 20 of the Elections Ordinance —

(i) the proviso to subsection (3) shall be deemed to read:

"Provided that no such action shall be taken after 31 August 1988."; and

(ii) the mayor shall certify the voter's list in accordance with the provisions of subsection (4) in September 1988;

(e) for the purposes of section 30(5) of the Elections Ordinance the proviso thereto shall be deemed to read:

"Provided that where a declaration is made after 31 March 1988 in terms of subsection (4) that a casual vacancy has occurred, such vacancy shall not be filled unless there exists more than three casual vacancies.";

(f) section 33 of the Elections Ordinance shall be deemed to read:
"General election

33. A general election of councillors shall be held in 1988 in all municipalities on Elections Day.";

(g) a council as contemplated in the Local Government Ordinance, may, in the manner contemplated in section 16(1) of that Ordinance, elect a mayor for the period March 1988 to the day preceding Elections Day, and such council shall, within 21 days after Elections Day, elect a mayor in the manner contemplated in the said section; and

(h) a council contemplated in paragraph (g) may, in the case where the council does not elect a mayor

perk in daardie paragraaf genoem, verkies nie, die toelaes van sy burgemeester, ondanks die bepalings van artikel 19(2) van die Plaaslike-bestuursordonnansie, vir of gedurende daardie tydperk wysig.

2. *Die verkiesing van lede van bestuurskomitees:*

(a) die verkiesing word, behoudens onderstaande paragrawe, ooreenkomstig die bepalings van die Verkiesingsregulasies gehou;

(b) subregulasie (1) van regulasie 31 van die Verkiesingsregulasies word geag te lui:

"(1) 'n Algemene verkiesing van lede van 'n opvolgende komitee word in 1988 op Verkiesingsdag gehou."; en

(c) regulasie 35 van die Verkiesingsregulasies word geag te lui:

"Stemming

35.(1) Die stemming by 'n verkiesing geskied per geslote stembriefie.

(2) Die stemming by elke verkiesing begin om 07h00 en sluit om 21h00.".

for the period stated in that paragraph and notwithstanding the provisions of section 19(2) of the Local Government Ordinance, vary the allowances of its mayor for or during that period.

2. *The election of members of management committees:*

(a) subject to the ensuing paragraphs, the election shall be held in accordance with the provisions of the Elections Regulations;

(b) subregulation (1) of regulation 31 of the Elections Regulations shall be deemed to read:

"(1) A general election of members of a succeeding committee shall be held in 1988 on Elections Day."; and

(c) regulation 35 of the Elections Regulations shall be deemed to read:

"Voting

35.(1) Voting at an election shall be by secret ballot.

(2) Polling at every election shall begin at 07h00 and close at 21h00.".

Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta by Aurora Printers, 161 Mitchell Street, Pretoria West.

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pta. deur Aurora Drukpers, Mitchellstraat 161, Pretoria-Wes.